

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: Wat is die Afrikaans vir *awesome*?

Skriflesing: Matteus 14:22-33 (1953)

²² EN Jesus het dadelik sy dissipels gedwing om in die skuit te gaan en voor Hom uit te vaar na die oorkant, terwyl Hy die skare wegstuur.

²³ En nadat Hy die skare weggestuur het, klim Hy op die berg om in die eensaamheid te bid. En toe dit aand geword het, was Hy daar alleen.

²⁴ En die skuit was al in die middel van die see, geteister deur die golwe; want die wind was teen hulle.

²⁵ Maar in die vierde nagwaak het Jesus na hulle gekom, al wandelende op die see.

²⁶ En toe die dissipels Hom op die see sien loop, word hulle ontsteld en sê: Dit is 'n spook! En hulle het geskreeu van vrees.

²⁷ Maar Jesus het dadelik met hulle gespreek en gesê: Hou goeie moed, dit is Ek! Moenie vrees nie.

²⁸ En Petrus antwoord Hom en sê: Here, as dit U is, beveel my om op die water na U te kom.

²⁹ En Hy sê: Kom! Petrus klim toe van die skuit af en loop op die water om na Jesus te gaan.

³⁰ Maar toe hy die sterk wind sien, het hy bang geword; en toe hy begin sink, roep hy uit en sê: Here, red my!

³¹ En Jesus het dadelik sy hand uitgesteek en hom gegryp en vir hom gesê: Kleingelowige, waarom het jy getwyfel?

³² Daarop klim hulle in die skuit, en die wind het gaan lê.

³³ Toe kom die wat in die skuit was, en val voor Hom neer en sê: Waarlik, U is die Seun van God!

Broodjies vir die pad

Fear is present throughout the story. The disciples are at first terrified when they see Jesus, in the night, walking on the sea; they think he is a ghost. We can thus hear echoes of that sense of *mysterium tremendum et fascinans* (the awesome and terrifying mystery), which Rudolf Otto identified in *The Idea of the Holy* as a widespread component in religious experience. It is a sense of the utter otherness and ineffability of the divine, an unsettling combination of repulsion, fear, and fascination in the face of ultimate mystery. The fear and repulsion are here expressed by the perception of Jesus as a ghost, but they are balanced by his comforting words: "Take heart; it is I; do not be afraid." The disciples by now know Jesus and trust him, even if their faith remains incomplete. Thus, for him to say "It is I" is to bring the fearful awesomeness of the scene under control by relating it to what is familiar. This is the

Jesus with whom they have walked and shared bread, who has offered compassion to the suffering and (in the preceding story) fed the hungry, even though he has also spoken words of judgment.

Peter's fear, however, seems to be of another sort—a more mundane tremulousness in the face of physical danger. Here again, as in the preceding story of the feeding of the five thousand, it is doubt—doubt about what human beings can do by making use of the divine power to which they have access—that undermines the accomplishment of a task. In the feeding account, it is a ministry to the hungering that is momentarily delayed, but here it is something that Peter himself has desired that is subverted. It was he who asked to join Jesus on the water. He did so, however, in full knowledge that he needed Jesus' help in order to accomplish the feat, as we can see in the fact that he asks Jesus to command him to do it. And yet, in the face of the wind, he loses heart and begins to sink. Although he has clearly earned the title of "little faith," he has confidence enough in Jesus to ask again for help: "Lord, save me." We might thus suspect that his lack of faith was less in Jesus' ability to perform mighty deeds unilaterally than in the process of divine-human cooperation. We should not think of this as a simple lack of confidence in himself, however, but as an unwillingness to trust what he could do when empowered by Jesus.

To read the passage this latter way is to challenge the tendency in our culture to overemphasize the power of the individual will—a bit of idolatry that we might call the "you can be anything you want to be" or "believe in yourself" illusion. As important as it is to teach children to dream big dreams and make use of their capacities, it is equally important both to avoid creating unrealistic expectations and to dispel the illusion of self-sufficiency. I have no doubt that I might have accomplished more in some areas of life if I had worked harder at them, but I am equally certain that no amount of effort on my part would have made me a star player in the National Basketball Association, a competent theoretical physicist, or a great jazz musician, however much I might have desired the latter (but I'd like to think that a world-class Cajun/Creole chef wouldn't have been so far out of reach)! Process-relational thought is particularly suited, in my estimation, to walk the tightrope of self-sufficiency v. sheer dependency by fostering a sense of interdependence. We are not what we are as a result of simple self-creation, nor are we the helpless products of genes, social conditioning, or divine fiat. We are all parts of larger wholes that contribute to our self-development but leave room for our individual decisions and actions. Social systems, from the immediate circle of families to whole societies, both open us to possibilities and limit our options. And in the end, we—like all entities in the universe—a parts of the universal whole from which our being and our power to act derive. The self-made individual is an illusion, but no more so than the passive cog in a deterministic machine.

Those who attribute everything to God or society or genes and those who claim self-sufficiency are equally wrong.

<http://processandfaith.org/resources/lectionary-commentary/yeara/2014-08-10/proper-14>

Brood vir die pad

Maak dit 'n dubbel

vir Arthur Rimbaud en D J Opperman

in 'n grot
se groot blou donkerte
vlam sy vuuros
soos die braambos
rokende dolos
wat flenter en val
vloeksteenwoord
met 'n toekoms
en 'n verlede
timor mortis conturbat me

sy seisoen van hel
wissel waswit blaai
vleeskleur
spookbeeld
niks
in die begin was die Woord
lewendige Lazarusletters
wat opstaan en loop
timor mortis conturbat me

sy buffel
ken geen metafisika
jou illuminasies
word liefdesletsels
ons hou hande
by die pêrelpoorte
hy is dubbeld - jy is dwars - ek is
timor mortis conturbat me

as ons duldlose dae
soos droë rowe val
draai Tyd sy wysters
om en om en om
die klok slaan sy slag
kaarthuiskoning kantel
timor mortis morte pejor

julle vlieg vooruit
na 'n plek
van doodlêstiltes
sterre wit soos sout
Bokkie

ek moet huis toe gaan

Hierdie gedig is 'n universele besinning oor die dood – met spesifieke verwysing na twee afgestorwe woordkunstenaars, D.J. Opperman en Arthur Rimbaud. Die gedig het 'n fyn

uitgewerkte struktuur waarin die besondere algaande in die algemene oorgaan. Die titel verwys onder andere na Doors Dubbeldop in Opperman se gedig Kantelkompas – 'n figuur wat met die dood geassosieer kan word. Verder mag dit ook verwys na die slotgedig in Opperman se bundel Kommas uit 'n bamboesstok – die laaste bundel wat in sy lewe gepubliseer is, met die reël “die uur vir die laaste doppe”. Ook Rimbaud was volgens oorlewering 'n geharde drinker. Die gedig begin met 'n elegiese besinning oor die digter D.J. Opperman deur verwysing na sy bekende gedig Vuurbees waarin “dink aan sterf” een van die hoofmotiewe is. Die tweede strofe is 'n besinning oor die Franse skrywer Arthur Rimbaud waarin verwysing na Lazarus op lewe én dood én opstanding uit die dood sinspeel. Die volgende strofe trek 'n verband tussen belangrike werke en ideë van die twee genoemde skrywers – sowel Vuurbees as die Illuminasies is visioenêre poësie wat gerig is op die metafisiese bestaan van die mens en 'n na-doodse bestaan suggereer. Skepping en destruksie is belangrike temas in Opperman en Rimbaud se oeuvres en kan direk aan dood en wederopstanding ('n ewige tydsiklus) gekoppel word. Die laaste deel van die gedig oorstyg die betrokke figure en word 'n besinning oor die tydgebonde bestaan van die mens en die onafwendbare dood. Die tema van sterflikheid word versterk deur aanhalings wat telkens as refrein aan die einde van strofes verskyn: *timor mortis concurbat me* (“vrees vir die dood ontstel my” – uit die Katolieke *Dodemis*) en *timor mortis morte pejor* (“die vrees vir die dood is erger as die dood self” – Robert Burton in *The anatomy of melancholy*). Die gedig sluit met 'n sinspeling op die reeds genoemde figuur Doors Dubbeldop se skuit met die naam Bokkie. Terselfdertyd roep die slot ook die bekende volkslied Bokkie jy moet huis toe gaan op, wat binne die konteks van die gedig die dood impliseer. Hierdie gedig verwys op 'n gesofistikeerde manier na verskeie tekste van die skrywers aan wie dit opgedra is en waarin sprake is van die dood of die metafisiese aspek van die menslike bestaan. Die intertekstuele verwysings skep 'n fyngesponne weefdraad wat die gedig tot 'n sinvolle eenheid bind en – indien dit deeglik nagespeur word – beduidende verbande tussen die twee skrywers en hulle werk blootlê. Die wyse waarop met intertekste omgegaan word, kan as minimalisties beskryf word: meestal word die konteks slegs deur enkelwoorde opgeroep. Nêrens versteur dit die balans van die gedig nie; dit verryk die betekenis deur 'n konstante kontrapunt te lê en 'n addisionele betekenislaag toe te voeg. Die finesse waarmee die gedig afgewerk is, die treffende onderbektoneering van die spesifieke geval sonder om vaag te word, die deurlopende besinnende aard en die fyn balans wat hierdie gedig in alle opsigte kenmerk, is die etiket van 'n bedrewe digter en die essensie van die digkuns. Dat die digter dit regkry om naatloos oor te gaan van 'n treursang oor spesifieke digters tot 'n treffende besinning oor die universele tydgebonde bestaan van die mens op aarde, wil gedoen wees. Baie geluk met 'n skitterende gedig!

<http://versindaba.co.za/2014/08/04/wenners-van-die-lykdig-kompetisie-3>